

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Die Rol van Bloed in God se Raadsplan

Deel 2: Verlossing deur die Bloed van Yeshua

Hersiening Deel 1: Nie sonder bloed nie!

In Deel 1 het ons gesien dat bloed, naamlik die sterwe (die storting van bloed) van die onskuldige in die plek van die skuldige vanaf Genesis tot Openbaring sentraal in יהוה-God se plan van vergifnis, versoening en herstel openbaar word.

Van die begin tot die einde van die Skrif, van die geslote tot die herstelde Tuin van Eden, loop die goue draad, naamlik die bloed wat die begin en die einde verenig en wat alles herstel wat die sonde verderwe het!

Aangesien יהוה so 'n groot klem op die bloed plaas, is dit noodsaaklik dat ons die volle geestelike waarhede aangaande die bloed verstaan en dit reg toepas.

Die vervulling (vervolmaking) van al die offerandes deur die eeue was die bloed van die Lam van God, Yeshua dié Gesalfde Een. Hy was die eenmalige offer!! Vergifnis van sonde en versoening met God deur die bloed van 'n onskuldige dier het tot 'n einde gekom deur die folterdood en opstanding van ons Meester Yeshua. Daarom is vergifnis van sonde en versoening met יהוה-God onder die nuwe verbond slegs moontlik deur die bloed van Yeshua.

- ¹¹ Elke hoofpriester staan elke dag om te bedien en dieselfde offers te bring wat van die ou tyd af nooit die sondes kon verwyder nie,
¹² maar Hy het een offer ter wille van sonde gebring en gaan sit aan die regterkant van God vir altyd, Heb. 10:11-12.¹

Deel 2: Verlossing deur die Bloed van Yeshua

Dit is uiters belangrik om nie net tevrede te wees met die vertroue (geloof) dat ons deur die bloed van Yeshua verlos (losgekoop; vrygespreek) is nie, maar ons moet die geestelike waarhede van wat hierdie verlossing alles behels, ook verstaan. Talle gelowiges is tevrede om net te glo dat hulle sondes deur die bloed van Yeshua vergewe is. Hulle sal getuig van die verlossing deur die krag van die bloed sonder begrip van die volle geestelike betekenis van wat dit behels. Ons moet egter verstaan wat die verlossing deur die bloed van Yeshua vir ons bewerkstellig het, naamlik:

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

- Versoening deur die bloed.
- Reiniging deur die bloed.
- Afgesonderd tot diensbaarheid deur die bloed.
- Die ewige lewe deur die bloed.
- Oorwinning deur die bloed.
- Oorvloedige lewe deur die bloed.

Hierdie seëninge is verskillend, maar word almal saamgevat in die verlossing (loskoping; vryspreking) deur die bloed van Yeshua! Alleenlik wanneer ons weet wat hierdie seëninge behels, en hoe ons dit deelagtig kan wees, sal ons die volheid van hierdie openbaring, naamlik die verlossing deur die bloed van Yeshua, deur vertrouwe in ons lewe toepas en ondervind.

Ons moet onthou dat die maat van ons vertrouwe grootliks afhanklik is van ons kennis. Indien ons kennis aangaande die krag van die bloed gebrekkig is, dan verwag ons vertrouwe ook min en word die kragtige werking van die bloed verhinder!

Verlossing (losgekoop; vrygespreek) deur die krag van die bloed van Yeshua word deur verskeie teksverse bevestig, onder andere die volgende:

⁶⁸“Geseënd is יהוה, die God van Yisra’el, wat Sy volk besoek en hulle losgekoop het
⁶⁹ en ’n horing van bevryding vir ons opgewek het in die huis van Dawid, Sy dienskneg. Luk 1:68-69.

Gee dan aandag aan julleself en aan die hele kudde waaroor die Gees wat Afgesonderd is julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy met Sy bloed gekoop het. Hand. 20:28.

want in Hom is daar vir ons vrypraak en deur Sy bloed die vergifnis van sondes volgens die rykdom van Sy onverdiende guns. Efes. 1:7.

¹³ Hy het ons gered uit die outoriteit van die duisternis en ons gebring na die Koninkryk van Sy Seun, wat Hy lief het,
¹⁴ in Wie vir ons verlossing en vergifnis van sondes is. Kol. 1:13-14.

¹⁸ omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle leë dade wat tradisioneel deur die vaders oorgedra is nie,
¹⁹ maar deur die kosbare bloed van die Lam, waarin geen gebrek of vlek is nie, wat dié Gesalfde Een is. 1Pet. 1:18-19.

Deur vertrouwe en begrip van die krag van die bloed van Yeshua in God se Raadsplan van volledige herstel van die mens se gees, siel en liggaam, het ons nie nodig om ander alternatiewe te soek nie!²

Die vraag is: Wat is dit wat aan die bloed van Yeshua die krag gee? Waarom het Yeshua se bloed die krag van volkome verlossing en vergifnis wat geen ander lewende wese se bloed het nie? Die voor die handliggende antwoord is dat die bloed van Yeshua “anders” is as die

² Hierdie alternatiewe behels ondermeer die breek van bloedlynvloeke en die pleit van die bloed; beide sal later in hierdie reeks bespreek word.

bloed van enige mens en dier, en dit bevat 'n vorm van lewe wat uniek is en wat dit onderskei van die bloed van enige ander mens en dier! Om hierdie uniekheid van die bloed van Yeshua te verstaan is dit nodig om eers weer herinner te word aan die funksie van bloed!

Die funksie van bloed

Eerstens moet ons verstaan dat bloed bevat die geheimenis van lewe. Sonder bloed, of weens erge bloedverlies, sterf die mens en dier. Sonder bloed kan die mens nie 'n lewende siel (Hebreeus: *nephesh* – Gen. 2:7)³ wees nie! Bloed onderhou dus lewe soos wat Lev. 17:14 bevestig!

want dit is die lewe van alle vlees. Sy bloed is sy lewe; daarom het Ek vir die seuns van Yisra'el gesê: “Julle mag nie die bloed van enige vlees eet nie, want die lewe van alle vlees is in sy bloed. Wie dit ook al eet, moet afgesny word.”

Die liggaam van die mens bevat verskillende tipes weefsel, byvoorbeeld: Spier-, senuwee-, beenweefsel, ens. Elke selletjie in hierdie weefsel bevat lewe en het een ding in gemeen, naamlik: Elke selletjie in hierdie weefsel is onbeweegbaar, mikroskopies klein en verrig 'n bepaalde funksie in die betrokke weefsel. Anders as bogemoemde weefsel is die bloed vloeibare weefsel en derhalwe nie beperk tot een deel van die liggaam nie. Bloed vloei dus na en van alle ander weefsel waar dit voedingstowwe, veral suurstof, voorsien en afvalstowwe verwyder. Daarom het יהוה-God gesê dat die lewe van alle vlees is in sy bloed.

Die volwasse menslike liggaam bevat ongeveer 5 liter bloed en die hart pomp hierdie bloed sodat dit ongeveer elke 23 sekondes deur die liggaam sirkuleer. Op hierdie wyse word elke sel in die liggaam konstant van “vars” bloed voorsien. Ten spyte van 'n magdom kennis aangaande die samestelling en funksie van bloed, is daar steeds talle geheimenisse aangaande bloed wat die mediese wetenskap nog steeds nie ontrafel het nie.

Omrede die lewe in die bloed is, het God opdrag gegee dat geen mens bloed mag eet (drink) nie (Lev. 3:17; Lev. 7: 26-27; Lev. 17:10-12). Hierdie opdrag het יהוה-God reeds aan Noag gegee deur vir hom te sê: “Net die vleis met die lewe, dit is, sy bloed, mag julle nie eet nie” (Gen. 9:4). Hierdie is 'n ewige insetting (opdrag) en daarom is die opdrag ook in die nuwe verbond (Hand. 15:20 en 29). Die rede dat ons nie bloed mag drink of eet nie, is om nie daardie dier se siel deelagtig te word nie, naamlik om soos die dier te word of op te tree nie!

Die kosbare bloed van Yeshua

Eerstens moet ons verstaan dat hoewel daar niks “magies” of “betowerend” aan die bloed van Yeshua is nie, is daar wel 'n geheimenis daaraan verbonde. Dit is hierdie geheimenis wat die openbaring is van die krag van die kosbare bloed van die Lam van God!

³ *Nephesh*. Gen. 2:7 – “יהוה-God het die mens gevorm uit die stof (*afar*) van die aarde en in sy neus die asem (*neshema*) van die lewe geblaas sodat die mens 'n lewende gees, liggaam, wil en verstand (*nephelesh*) geword het”. *Nephesh* (siel) = *afar* (stof) + *neshema* (asem; *ruach*; gees) = lewe. Hoewel alle dierelewe in die see, in die lug en op op die land 'n lewende siel (*nephelesh*; lewende wesens) is (Gen. 1:20 en 30), het slegs die mens die asem van die lewe ontvang, naamlik dit wat maak dat die mens geskape is na die beeld van God (Gen. 1:26-27). By sterwe keer die liggaam terug tot stof (Gen. 3:19), terwyl die gees teruggaan na God (Pred. 12:7) en wag om met 'n verheerlikte liggaam herenig te word (Fil. 3:21). Dan sal elkeen gelykvormig aan Yeshua wees!

Tweedens moet ons die doel en die betekenis van Lev. 17:11 verstaan en in die lig daarvan sal ons die krag van die bloed van Yeshua verstaan!

want die lewe van die vlees is in die bloed en Ek het dit vir julle op die altaar gegee om vir julle toedekking te doen, want dit is die bloed wat toedekking doen vir die lewe;

Omdat die siel (lewe) in die bloed is, en omdat die bloed op die brandofferaltaar geoffer was, het die bloed van die onskuldige dier versoenende krag, want dit bedek die sonde van die skuldige. Daarom word die “waarde” van die bloed bepaal deur die waarde van die lewe wat daarin is. Die waarde van die bloed van ‘n mens is meer as die waarde van die bloed van ‘n dier en die waarde van die bloed van Yeshua is oneindig meer as dié van ‘n mens! Hoekom?

Om dit te verstaan moet ons terugkeer na die tuin van ‘Eden en die skepping van die mens. Adam en Havah is aanvanklik geskape met die יהוה-God-tipe-lewe in hulle bloed, naamlik die ewige lewe. Die mens was bestem om vir ewig te lewe en nooit te sterf nie! Elkeen na Adam sou dieselfde lewe ontvang het. Die Hebreus vir hierdie lewe is *Olam Chay* (Dan. 12:2) en die Grieks is *aionios dzoe* (Joh. 17:3) – wat vertaal kan word as die יהוה-God-tipe-lewe.

Nou is die vraag: Wat het God bedoel toe Hy vir Adam gesê het dat as hy van die ‘Boom-van-die-Kennis-van-Goedheid-en-Boosheid’ sou eet, sal hy sterf (Gen. 2:17)? Aangesien die lewe in die bloed is, het God by implikasie gesê dat daar ‘n “verandering” in die mens se bloed sou plaasvind!! Met die sondeval het die יהוה-God-tipe-lewe ‘gesterf’, naamlik die mens verlaat! Die God-tipe lewe wat die mens vir ewig sou laat lewe, het uit die mens verdwyn en gevolglik het die dood in sy liggaam begin oorheers (Gen. 2:9, 16-17). Die mens het geestelik gesterf en derhalwe ‘n sondaar geword.

Aangesien elke mens van dieselfde oorsprong as Adam is (van dieselfde bloed – Hand. 17:26), word almal sonder die God-tipe-lewe gebore! Hierdie toestand van die mens kan vergelyk word met ‘n “geestelike bloedsiekte” wat elke mens mee gebore word! Waar Adam en Havah voorheen in die geesrealm geleef het, het hulle na die sondeval in die sielsrealm geleef, en so ook elkeen na hulle.

Na die sondeval het die mens dus sy onsterflikheid verloor. Daarom het God die aarde vervloek (Gen. 3:17-18) en vir die mens gesê: “In die sweet van jou voorkop sal jy brood eet totdat jy teruggaan na die grond toe, want jy is daaruit gehaal, want stof is jy en tot stof sal jy teruggaan.” (Gen. 3:19).

Sha’ul bevestig ook in Rom. 5:12 dat deur die sondeval het alle mense deel aan die fisiese dood: “net soos deur die hand van een mens die sonde in die heelal ingekom het en deur die sonde die dood en die dood só na alle mense toe deurgekom het omdat almal gesondig het”.

Elke mens na Adam word dus gebore met hierdie “geestelike bloedsiekte” soos ondermeer bevestig word in Ps. 51:5 (vers 7 in AOV) en in Ps. 58:3 (vers 4 in AOV). Slegs verlossing deur die bloed van Yeshua kan hierdie God-tipe-lewe terug in die mens plaas. Daarom het Yeshua gesê: “Ek is die Pad, die Waarheid en die Lewe!” (Joh. 14:6). Slegs deur wedergeboorte, gepaard met Torahgehoorsaamheid, kan die mens genees word van hierdie “geestelike bloedsiekte” en weer die ewige lewe deelagtig word, soos wat Adam voor die sondeval gehad het!!

Terwyl dit geestelik die waarheid is, sal die fisiese vervulling hiervan egter plaasvind by die wederkoms van Yeshua soos wat Sha’ul dit in 1Kor. 15:51-54 verduidelik:

- 51 Let op, Ek vertel vir julle 'n geheim: nie almal van ons sal doodgaan nie, maar ons sal almal verander word,
 52 skielik, soos die knip van 'n oog, by die laaste ramshoring, wanneer dit sal blaas en die dooies onverganklik opgewek sal word en ons verander sal word,
 53 want dit wat kan vergaan moet aangetrek word met wat nie kan vergaan nie en dit wat kan doodgaan moet aangetrek word met wat nie kan doodgaan nie
 54 en wanneer dit wat vergaan aangetrek is met wat nie vergaan nie en dit wat doodgaan met wat nie kan doodgaan nie, dan sal die boodskap wat geskryf is, vervul word: “Die dood is ingesluk in die oorwinning.”

In Eseg. 16:4-6 lees ons van die profetiese belofte van hierdie geestelike herstel van die mens. Elkeen het gespartel in sy eie bloed van sonde – en die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23). יהוה-God het egter sy Seun Yeshua gestuur en vir elkeen gesê: Leef – kies lewe! Yeshua se bloed reinig ons van alle sonde. Deur vertrou in die verlossing deur die bloed van die Lam van God word elkeen wederbaar en ontvang die God-tipe-lewe, asook die versekering van die ewige lewe al sou hy/sy sterwe!

Die bloed van Yeshua

Die probleem met die mens is dus geleë in sy bloed. Die bloed van die sondaar bevat nie die God-tipe-lewe nie, want dit is besoedel met 'n sonde geaardheid. Daarom kan hierdie bloed nie as versoening op die altaar dien nie!! Maar Yeshua se bloed was nie van 'n mens afkomstig nie, maar wel van יהוה-God self!! Dit kan soos volg verduidelik word:

Adam en Hava se genetiese samestelling was suiwer volgens “God se DNA” – dit was suiwer saad; die “Adamsaad”. Die sondeval was egter die begin van genetiese entropie, naamlik die genetiese agteruitgang (verswakking/degenerasie) van die menslike genoom (al die oorerflike eienskappe⁴) weens mutasies wat deur verskeie faktore veroorsaak word!

Maar na die vloek van Gen. 3:14-19 was daar aanvanklik weinig, indien enige, genetiese entropie. Daar was slegs genetiese variasies gewees, bekend as gemeenskaplike variasies soos byvoorbeeld die kleur van hare en oë, en ander gelaatstrekke. Mettertyd, en veral na die Toring van Babel, toe יהוה die mensdom oor die aarde verstrooi het (Gen. 11:1-9), het seldsame genetiese variante (mutasies) begin ontstaan. Dit was die begin van meer prominente genetiese entropie van die mens, naamlik die geleidelike agteruitgang van die mens se genetiese inligting wat grootliks bygedra het tot die mens se verkorte lewensduur en verswakte algehele gesondheid!

Ten opsigte van spontane genetiese entropie het die teëstander (Satan) ook 'n rol gespeel. Dit moet verstaan word in die lig van Gen. 3:15 waar יהוה-God aan Satan sê: “Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar Saad. Hy sal jou kop vertrap en jy sal Sy hakskeen byt.” Verwys ook Rom. 16:20 en Gal. 3:15-18.

Daarom is dit belangrik om te verstaan dat na die sondeval, en sedert die woorde van God in Gen. 3:15, was die teëstander daarop toegespits om die genetiese samestelling van die mens te besoedel met vreemde gene wat nie van menslike oorsprong was nie. Op dié wyse wou

⁴ Die mens het 23 pare chromosome, dus 'n totaal van 46 chromosome. Al die genetiese inligting op die 23 pare chromosome staan bekend as die genoom. Elke mens se genoom is 'n unieke kombinasie van gene en daarom is nie twee mense dieselfde nie, behalwe 'n identiese tweeling of meerlinge.

Satan verhoed dat die saad van die vrou “suiwer menssaad” sou wees en dus nie geskik sou wees om aan Gen 3:15 te voldoen nie! Daarom lees ons in Gen. 6:1-4 die volgende:

- 1 Dit het gebeur dat die mense oor die oppervlakte van die aarde begin vermeerder het en toe daar vir hulle dogters gebore is,
- 2 sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was en hulle het vir hulle almal wat hulle verkies het, as vroue gevat.
- 3 יהוה het gesê: “My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie omdat hy ook vlees is; laat sy tyd een honderd en twintig jaar wees.”
- 4 Daardie dae was daar reuse op die aarde en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Hulle was die kragtige vegters uit die ou tyd, die manne van eer en outoriteit.

Die reuse (die Nefilim) was wesens met “gemengde (besoedelde) saad”, naamlik bevattende genetiese inligting wat nie van menslike oorsprong was nie, en wat die nageslag was van “die seuns van God” (gevalle engele) wat vir hulle vroue gevat het. Hierdie is ‘n studie op sy eie wat nie deel van hierdie studie is nie. Meer inligting oor Noag en die Nefilim is beskikbaar by hierdie skakel: [StudieNefilimDeel1](#)

In die tyd van Yeshua was genetiese entropie dus reeds ver gevorder. Daarom was Miryam bevrug met die oorspronklike genetiese inligting van Adam en Eva voor die sondeval – die “Adamsaad” wat die God-tipe-lewe bevat! ‘n Bevrugte eiersel met die oorspronklike suiwer genetiese inligting van Adam was in Miryam se baarmoeder ingeplant (‘n eiersel van haar liggaam was nie bevrug nie!). Yeshua was dus waarlik die tweede Adam (1Kor. 15:45) en het die *aionios dzoe* – die יהוה-God-tipe-lewe (Hebreeus: *Olam Chay* – Dan. 12:2) bevat.

Daarom het Yeshua nie die “geestelike bloedsiekte” van die mens bevat nie! (Onthou: In die baarmoeder meng die baba en moeder se bloed nooit nie). Daarom is Yeshua as mens met Adam voor die sondeval vergelykbaar en nie met die mens na die sondeval nie. Dit opsigself gee aan Yeshua ‘n “Godlikheid” wat geen ander mens het nie!

Dit kan derhalwe beskou word asof dit יהוה-God se “eie bloed” was wat die ewige verlossing en versoening bewerkstellig het. Dit is die geheimenis en openbaring van die krag van die bloed van Yeshua!!

- 12 Hy het ook nie ingegaan met die bloed van jaaroue bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed het Hy een maal in die plek van Afgesonderdheid ingegaan en ewige loskoping verkry,
- 13 want as die besprinkeling van die wat onrein is, met bloed van bulle en bokke en die as van ‘n vers, hulle kan afsonder tot reiniging van die vlees,
- 14 hoeveel te meer sal die bloed van dié Gesalfde Een, wat Homself, sonder vlek, deur die ewige Gees aan God geoffer het, ons gewete reinig van dooie werke, om die lewende God te dien. Heb. 9:12-14.

Ons is nie losgekoop deur verganklike dinge soos silwer of goud nie, maar deur die kosbare bloed van die Lam, dié Gesalfde van יהוה, waarin geen gebrek of vlek is nie (1Pet.1:18-19).

Die ewige lewe, die lewe van יהוה-God, is die bloed wat deur die are van Yeshua gevloei het! Hierdie bloed is vergifnis, reiniging, genesing, afgesonderdheid en bevryding, want dit bevat die lewe van God en kan versoening doen vir ons sondes en genesing en bevryding van al die gevolge van ons sondes.

Deur vertrouwe, asook begrip van die krag van die bloed van Yeshua kan elkeen volkome mens wees soos wat God dit aan die begin beplan het – gees, siel en liggaam genees en herstel! ‘n Lewe van oorwinning in Yeshua, dié Gesalfde Een!

7 Yeshua het weer vir hulle gesê: “’n Tydlose waarheid sê Ek vir julle: Ek is onveranderlik dieselfde, die Hek van die skape.

8 Almal wat gekom het, is diewe en rowers, maar die skape het nie na hulle geluister nie.

9 Ek is onveranderlik dieselfde, die Hek en as iemand deur My ingaan, sal hy lewe en hy sal ingaan en uitgaan en weiding kry.

10 Die dief kom nie, as net om te steel, dood te maak en te vernietig nie. Ek het gekom dat hulle lewe kan hê en watter oorfloed daar ook al vir hulle is. Joh. 10:7-10.

Hoewel gelowiges in Yeshua, wat gehoorsaam aan Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is, sal sterwe, sal elkeen by die wederkoms van Yeshua opstaan uit die dood om dan bekleed te word met ‘n verheerlikte liggaam om vir ewig te lewe!

Kom ons lees nou weer 1Kor. 15:51-57 aandagtig en met begrip van hoekom daar krag in die bloed van Yeshua is.

51 Let op, Ek vertel vir julle ‘n geheim: nie almal van ons sal doodgaan nie, maar ons sal almal verander word,

52 skielik, soos die knip van ‘n oog, by die laaste ramshoring, wanneer dit sal blaas en die dooies onverganklik opgewek sal word en ons verander sal word,

53 want dit wat kan vergaan moet aangetrek word met wat nie kan vergaan nie en dit wat kan doodgaan moet aangetrek word met wat nie kan doodgaan nie

54 en wanneer dit wat vergaan aangetrek is met wat nie vergaan nie en dit wat doodgaan met wat nie kan doodgaan nie, dan sal die boodskap wat geskryf is, vervul word: “Die dood is ingesluk in die oorwinning.”

55 “Dood, waar is jou angel? Sh’ol, waar is jou oorwinning?”

56 Die angel van die dood is die sonde en die krag van die sonde is die geskrewe wet,

57 maar dank God, wat ons die oorwinning gee deur ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een. 1Kor. 15:51-57.

By die wederkoms van ons Meester, dié Gesalfde Een, sal die vernederende liggaam van die wat in Yeshua gesterf het uit die dood opstaan, om saam met die wat nog in die lewe oorbly, verander word om te wees volgens die beeld van Yeshua se liggaam (Fil. 3:21; 1Thess. 4:16-17).

Deur die krag van die verlossing deur die kosbare bloed van Yeshua sal die mens uiteindelik “herskep” word om te wees soos die mens voor die sondeval!

Dit alles sal gebeur volgens יהוה se Raadsplan en nie sonder die bloed van Yeshua nie!! En in die woorde van Andrew Murray: “*In that blood, dwelt the soul of the holy Son of God.*”

In Gen. 3:15 het יהוה-God gesê: “Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar Saad. Hy sal jou kop vertrap en jy sal Sy hakskeen byt.” En vandag weet ons dat: “*On the back of Satan's neck is a nail scarred footprint* (C. S. Lewis).

..... en hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die boodskap van Sy getuienis en hulle het hulle lewe, tot die dood toe, nie liefgehad nie. Open. 12:11.

Nota: 'n Gratis aflaibare audioboek van Andrew Murray: "The Power of the Blood" is beskikbaar by hierdie skakel: <https://www.youtube.com/watch?v=xY1wmfTwtfU>. Ek moedig elkeen aan om hierdie boek af te laai en daarna te luister. Dit was die motivering vir hierdie studie!

-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.